**Wes-Kaap Onderwysdepartement**
**Western Cape Education Department**
**iSebe leMfundo leNtshona Koloni**


Navrae / Enquiries / iMibuzo: Mnr M Cronjé
Verwysing / Reference / Ubhekiso: 6/10/B
Telefoon / Telephone / iMfonomfono: 403-6911

Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye: Onderwyshoof
Privaatsak / Private Bag: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: KAAPSTAD
Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi: 8000
Faks / Fax: 419-5967


Datum/Date / Umhla: 23 Desember 1998

AAN:

ALLE HOOFKANTOOR- EN AREAKANTOORPERSONEEL

OMSENDBRIEF 0162/98

NAKOMING VAN 'N 40-UUR-WERKWEEK: STAATSDIENSPERSONEEL EN OPVOEDERS WAT BY KANTORE IN DIENS IS

Ingevolge 'n arbitrasiebesluit, deur die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie, dat alle werknemers wie onder die Staatsdienswet, 1994, aangestel is 'n minimum van 40 uur per week moet werk, in ooreenkoms met die bepalings van Staatsdiensregulasie G1.1, was u in omsendbrief 0140/98 versoek om 'n keuse uit te oefen of die werkdag vanaf (a) 7:30 tot 16:00 of (b) 7:45 tot 16:15 moet strek.

Volgens die meningsopname verkies die meerderheid van die werknemers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement 'n werkdag vanaf 7:30 tot 16:00. 429 ten gunste van 'n aanvangstyd van 7:30, terwyl 294 ten gunste van 'n sluitingstyd van 16:15 is. In die lig van die uitslag en om die werksure van die WKOD in lyn te bring met al die ander departemente binne die PAWK, het die WKOD besluit dat die volgende amptelike werksure met ingang van 1 Januarie 1999 van krag sal wees:

| | | |
|---|---|---|
| Begintyd | : | 07:30 |
| Etenstyd | : | 12:30 tot 13:00 |
| Sluitingstyd | : | 16:00 |

Uit die kommentaar gelewer op die keusevorm is bespeur dat daar nog verwarring onder sommige werknemers bestaan rondom teepouses. Tensy werkdruk dit verhoed, mag teepouses soggens en smiddae geneem word. U moet egter daarop let dat teepouses 'n vergunning is en nie as 'n reg toegeëien kan word nie, aangesien dit deel van die amptelike werksure vorm.

Aangesien die handhawing van die gestipuleerde werksure 'n basiese diensvoorwaarde is, word u vriendelik, dog dringend, daaraan herinner om u verbintenis tot dienslewering te toon deur elke dag 'n volle dag se werk te lewer.

In terme van ons dienskontrak is alle werknemers van die WKOD verplig om soggens betyds vir werk te rapporteer en om hul werkplek nie voor die amptelike sluitingstyd te verlaat nie.

Toesighoudende personeel word daaraan herinner dat hulle die verantwoordelikheid het om ten opsigte van hierdie en alle ander aangeleenthede 'n voorbeeld te stel. Tweedens moet hulle toesien dat personeel onder hulle toesig hou by die amptelike werksure insluitende teepouses van die WKOD.

U samewerking in hierdie verband word waardeer.

HOOF: ONDERWYS
23/12/1998